# Hoekom jou storie?

**God gebruik storie om ons te leer.** Adam, noag, abraham, Josef, Dawid. Geloof manne en vrou. Ester. Jesus herstel die plek van die vrou. NT Vertel van Christus en Vader
Ongelowige het geen storie, net skande.

Bybel geinspireer deur die H.G. Die kerk is Jesus se kerk en Hy bou Sy kerk.
FokusDeo is God se storie. Verhoogstuk. Van die begin was mense deel. Ons is nou die storie
Jesus wil jou gebruik om Sy kerk te groei, te bou. Bybel praat van lewende stene.

Groot vraag hoe?

**Efes 4:11-12 En dít is die "gawes" wat Hy "gegee het": apostels, profete, evangeliste, en herders en leraars. (12) Sy doel daarmee was om die gelowiges toe te rus vir hulle diens en vir die opbou van die liggaam van Christus.**

**Hand 1:8 Maar julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal my getuies wees in Jerusalem sowel as in die hele Judea en in Samaria en tot in die uithoeke van die wêreld."**

**2 x "sal".** Daar sal goed gebeur. 1. Krag ontvang
Jesus gee vir ons 5 geskenke om die kerk te groei. Leraar, apostels, evangeliste, profete en herders. Bediening van die goeie nuus. Almal kan dit wees.
Die geskenke (gawes)van die H.G. is om dit wat Jesus gee, sterk te maak. Te laat werk. Hulle fuksioneer deur die H.G. Almal van ons, wat iets vir die Here wil doen.
Jy is nie alleen nie, die H.G. werk deur jou. Evangelie te verkondig.

Wat beteken **Die evangelie**? Die goeie nuus. Jesus vir ons gesterf het, sonde betaal
Tot bekering, gelowige geword. <u>Draer van die goeie nuus.</u> Het die Heilige Gees ontvang. Het beleef wat God gedoen het.
Probleem ons moet gelowiges kry om die goeie nuus te gaan oordra.
Baie mense is soos die posman. Dra die possak maar lewer dit nie af nie.

Ons is in dieselfde span met die Here. Hy gee jou 'n storie Hy sit jou in situasie waar jy kan oorwinning vir die Here bring. Goeie nuus aktiveer, mense bemoedig deur

profesie. Boodskap oor dra aan mense.  Leer van goeie nuus en omgee soos Jesus die goeie Herder.

2de sal,  Getuie te wees.   Skrik ons af, maak ons bang.
Eintlik baie maklik.  Vertel net jou storie.  Jy het ‘n storie en God wil jou storie gebruik om ander te help.   Ek dink hoe meer jy vertel hoe meer goeie goed gaan gebeur dat jy altyd ‘n storie het om te vertel van God se goedheid.
**Storie van die evangelie**, goeie nuus.  Vertel dit wat Jesus vir jou gedoen het, bewaar het, vergewe het, gehelp het, genees het, gepraat het, ens
Die gawes van die Jesus rus ons toe vir die werk.  Die gawes van die H.G. gee ons die vermoeë om die werk te doen.

Onthou wie jy is.  Jy is ‘n getuie.  Wat persoonlik gesien, gehoor het, beleef het, ervaar het, jou beinvloed het.  Jy is nie regter, of aanklaer nie.  Vertel net jou storie.  H.G. jou krag gee om dit te doen.
**Vraag doen jy dit?**  Die hartseer baie bly stil.  Vertel net jou storie.  Jy wonder hoe gaan ek dit vir mense vertel.   **Maklik.**  Vra eers hulle storie en dan gaan hulle jou vra oor jou storie.

Duiwel sê  vir baie mense hulle het nie ‘n goeie storie nie.  ( Ek was nie ‘n druggie nie.)

VB.
**Luk 2:20  Die skaapwagters het toe teruggegaan terwyl hulle God loof en prys oor alles wat hulle gehoor en gesien het. Dit was alles net soos dit vir hulle gesê is.**

**Luk 7:22  Sy antwoord aan die boodskappers was: "Gaan vertel vir Johannes wat julle gesien en gehoor het: blindes sien, lammes loop, melaatses word gereinig, dowes hoor, dooies word opgewek, aan armes word die evangelie verkondig.**

**Hand 4:19-20  Maar Petrus en Johannes het vir hulle gesê: "Julle moet maar self besluit wat voor God reg is: om aan júlle gehoorsaam te wees of aan God.  (20) Wat ons betref, dit is onmoontlik om nie te praat oor wat ons gesien en gehoor het nie."**

**Hand  22:6-8  Terwyl ek op reis was en naby Damaskus gekom het, het daar teen die middag skielik 'n sterk lig uit die hemel op my gestraal.  (7)  Ek het op die grond neergeval en 'n stem vir my hoor sê: 'Saul, Saul, waarom vervolg jy My?'  (8)  'Wie is U, Here?' het ek gevra. 'Ek is Jesus van Nasaret,' het Hy my geantwoord. 'Dit is vir My wat jy vervolg.'**

**Hand 22:14-15 Toe sê hy: 'Die God van ons voorvaders het jou uitgekies om sy wil te ken, die Regverdige te sien en sy stem te hoor, (15) want jy sal vir alle mense sy getuie wees van wat jy gesien en gehoor het.**

Paulus staan voor ‘n skare, vertel sy storie oppad en God wat met hom praat. Paulus het by God gehoor ons baie geleer oor die genade van God. Maar 5 Jaar later voor Felix die goveneer, ongelowige, gaan hy terug na sy storie, ek op n perd gery en die skerp lig wat op my verskyn.

***Besef hoe kragtig is jou storie en niemand kan met jou stry nie.***

60 Jaar na die opstanding, skryf Johannes aan mense wat stry oor Jesus.

**1Jon 1:1-3 Van die begin af was Hy daar. Ons het Hom self gehoor; ons het Hom met ons eie oë gesien; ja, ons het Hom gesien en met ons hande aan Hom geraak. Hy is die Woord, die Lewe. (2) Die Lewe het gekom; ons het Hom gesien en is getuie daarvan, en ons verkondig aan julle die Ewige Lewe wat by die Vader was en aan ons geopenbaar is. (3) Hom wat ons gesien en gehoor het, verkondig ons aan júlle, sodat julle aan ons gemeenskap deel kan hê. En die gemeenskap waaraan ons deel het, is dié met die Vader en met sy Seun, Jesus Christus.**

As jy ‘n ongeluk sien, gaan hof toe, roep om getuie te wees. **NB** Gaan nie eers bestuurskool toe nie. Tuks, Kollege. Vra wat het jy gesien en gehoor. Vertel jou storie.
As jy vertel wat ander sê, is dit hoor sê. Hulle aanvaar dit nie.
Jy druk ook nie godsdiens op hulle af nie. Godsdiens maak mense naar.
**Bly by jou storie,** nie nodig om te weet waar die dinosorise gegaan het nie, hoe oud die aarde is nie. Godsdiens is ‘n sistematiese stel oortuigings. Daarom vals godsdienste.
Ware geloof, sorg vir wees en weduwee.

**Joh 9:1-2 Terwyl Jesus wegstap, sien Hy 'n man wat van sy geboorte af blind was. (2) Sy dissipels vra Hom toe: "Rabbi, deur wie se sonde is dit dat hierdie man blind gebore is: sy eie of sy ouers s'n?"**
Baie hartseer. Dissipels het situasie probeer inpas by hulle sisteme van geloof.
Inplaas vra, Jesus kan jy die man help

**Joh 9:6-7  Nadat Hy dit gesê het, spoeg Hy op die grond en maak met die spoeg 'n bietjie klei aan. Toe smeer Hy die klei aan die man se oë  (7)  en sê vir hom: "Gaan was jou in die Siloambad." Siloam beteken die een wat gestuur is. Hy het gegaan en hom gewas, en toe hy terugkom, kon hy sien**

**Joh 9:8-21  Sy bure en die ander mense wat hom voorheen as bedelaar geken het, sê toe: "Maar is dit dan nie die man wat gesit en bedel het nie?"  (9)  Party van hulle het gesê: "Dit is hy!" Maar party het gesê: "Nee, hy lyk maar net soos daardie man." "Dit is ek!" het hy self gesê.  (10)  Hulle vra toe vir hom: "Maar hoe het jou oë dan reg gekom?"  (11)  En hy antwoord: "Die man met die naam Jesus het 'n bietjie klei aangemaak en dit aan my oë gesmeer en vir my gesê: 'Gaan na Siloam toe en was jou.' Ek het gegaan en my gewas, en ek kon sien!"  (12)  "Waar is hy nou?" vra hulle hom toe. "Ek weet nie," was sy antwoord.  (13)  Daarna het die mense die man wat eers blind was, na die Fariseërs toe gebring.  (14)  Dit was op 'n sabbatdag dat Jesus die klei aangemaak en die man se oë genees het.  (15)  Die Fariseërs het hom ook weer gevra hoe dit gekom het dat hy kan sien. Hy het hulle geantwoord: "Hy het klei op my oë gesit en ek het my gewas, en nou sien ek."  (16)  Party van die Fariseërs sê toe: "Hierdie man kom nie van God nie, want hy hou nie die sabbatdag nie." Maar van die ander het gesê: "Hoe kan iemand wat 'n sondaar is, sulke wondertekens doen?" En daar was verdeeldheid onder hulle.  (17)  Hulle sê toe weer vir die man wat blind was: "Wat sê jý van hom? Hy het mos jou oë genees." "Hy is 'n profeet," het hy geantwoord.  (18)  Die Jode het nie geglo dat die man blind was en nou kon sien nie, totdat hulle sy ouers geroep  (19)  en vir hulle gevra het: "Is dit julle seun van wie julle beweer dat hy blind gebore is? Hoe sien hy dan nou?"  (20)  "Ons weet dat hy ons seun is en dat hy blind gebore is," het sy ouers geantwoord.  (21)  "Maar hoe hy nou sien, weet ons nie. En wie sy oë genees het, weet ons ook nie. Vra hom self. Hy is oud genoeg; hy kan vir homself praat."**

**Joh 9:24-25  Die Jode het toe die tweede keer die man wat blind was, geroep en vir hom gesê: "Praat die waarheid voor God; ons weet mos hierdie man is 'n sondaar."  (25)  Daarop het hy gesê: "Of hy 'n sondaar is, dit weet ek nie. Een ding weet ek wel: ek was blind, en nou sien ek."**

**Joh 9:26-28  Hulle sê toe vir hom: "Wat het hy met jou gemaak? Hoe het hy jou oë genees?"  (27)  "Ek het julle mos al vertel, en julle het nie geluister nie," antwoord hy. "Hoekom wil julle dit weer hoor? Julle wil tog nie ook dissipels van hom word nie?"  (28)  Toe skel hulle hom uit en sê: "Jý is 'n dissipel van hom. Óns is dissipels van Moses.**

**Joh 9:35-38  Jesus het gehoor dat die Jode die man uitgeban het; en toe Hy hom kry, vra Hy vir hom: "Glo jy in die Seun van die mens?"  (36)  Hy het geantwoord: "Wie is dit, Meneer, sodat ek in Hom kan glo?"  (37)  Jesus het vir hom gesê: "Jy sien Hom. Dit is Hy wat met jou praat."  (38)  Die man sê toe: "Ek glo, Here!" En hy het Hom aanbid.**J